



ANTWOORD AL VYF VRAE. ELKE VRAAG TEL 15 PUNTE

VRAAG 1: Wie is Jesus? (15 punte)







'n Vriend wat nie 'n Christen is nie, het vir jou 'n vraag gevra: Hoe verstaan Christene vir Jesus? Beantwoord dit in 'n paragraaf van omtrent 10-15 reëls deur na die Bybel, Christelike onderwysing (leer) en persoonlike Christelike praktyk (gebed) te verwys.

VRAAG 2: Sakrament (15 punte)

- 2 (a) Wat is 'n sakrament? (3)
- 2 (b) Bestudeer die prentjies van die volgende sakramente. Kies enige VIER (vanuit B., C., D., E., F.) en skryf die volgende neer:
- i. die naam van die sakrament
 - ii. 'n simbool wat ons daarmee verbind, en
 - iii. die betekenis daarvan. (12)

'n Voorbeeld word gegee. Die antwoorde op A is soos volg:

- i. Doop
- ii. Water
- iii. Dit is die sakrament waardeur ons Christene, kinders van God, en lede van die Kerk word

<p>A.</p> 	<p>B.</p> 	<p>C.</p> 
<p>D.</p> 	<p>E.</p> 	<p>F.</p> 

VRAAG 3: Persoonlike moraliteit (15 punte)

3 (a) Ons kan verantwoordelike persoonlike vryheid uitoefen deur omgee, toewyding en getrouheid in verhoudings uit te leef. Hoe kan jy liefde, toewyding en getrouheid toon in 'n vriendskap wat jy met iemand het? (3)

3 (b) In die Evangelie van Johannes sê Jesus:

'Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My, net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder. "Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem. Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het.'

- i. Watter keuse maak Jesus? (2)
- ii. Wat gaan die gevolge van hierdie keuse wees? (2)
- iii. Watter waarde hou hierdie keuse in? (2)

3 (c) Kies EEN van die volgende scenario's. Verbeel jou jy is saam met 'n paar van jou portuurgroep/maats en hulle het besluit om dit uit te voer.

- Doen vir 'n bejaarde buurman/buurvrou inkopies
- Gooi 'n straatlig met 'n klip stukkend
- Speel naby die treinspoor
- Neem vir liefdadigheid aan 'n geborgde resies deel

- i. Hoekom sou jou portuurgroep hierdie daad wou uitvoer? (1)
- ii. Noem drie moontlike gevolge wat uit hierdie daad kan ontstaan. (3)
- iii. Verduidelik op grond van hierdie gevolge of jy aan hierdie daad sou deelneem of nie. (2)

VRAAG 4: Gebed (15 punte)

4 (a) Daar is baie vorme van gebed in die tradisies van 'n Katolieke Christen – en dié van ander godsdienste. Tydens nadenkende gebed probeer ons om aan God teenwoordig te word. Noem die twee dinge wat diegene wat bid, kan help om dít te doen. (2)

4 (b) 'n Gebed, wat gebare gebruik, en wat aan Katolieke – en baie ander Christene – bekend is, is die Kruisteken.

- i. Watter woorde word saam met hierdie teken gesê? (2)
- ii. Watter Christelike begrip van God is in hierdie woorde opgesluit? (1)
- iii. Wat is die betekenis van die kruis vir Christene? (2)

4 (c) Lees hierdie gebed van die Heilige Thérèse van Lisieux – en antwoord die vrae wat volg:

O my God, ek vra van U vir myself en vir diegene wat ek liefhet die genade om u heilige wil perfek te vervul, om uit liefde vir U die vreugdes and beproewinge van hierdie verbygaande lewe te aanvaar, sodat ons eendag in alle ewigheid in die hemel herenig mag word. Amen.

- i. Die Christen word tot 'n verbondsverhouding met God geroep. Wat beteken 'verbond'? (2)
- ii. Wat bied Heilige Thérèse aan God? (2)
- iii. Watter hulp vra Heilige Thérèse vanaf God? (2)
- iv. Waarop hoop Heilige Thérèse vanaf God? (2)

VRAAG 5: 'n Wêreldgodsdienst (15 punte)

Teken die onderstaande tabel en voltooi dit met die hulp van die gegewe opskrifte vir **EEN** van die volgende godsdienste:

JUDAÏSME *OF* ISLAM

Gebruik die punttoekenning in die tabel as 'n gids oor hoeveel inligting jy moet verskaf.

*Skryf die een wat jy gekies het, hier neer

Naam van die Godsdienst *	Noem die oortuiging of kenmerk	Gee 'n kort beskrywing of verduideliking
'n Kernoortuiging	(1)	(2)
Dieet	(1)	(2)
Skrif	(1)	(2)
Plek van aanbidding	(1)	(2)
'n Fees	(1)	(2)



Catholic Institute of Education
 Posbus 2083 Southdale 2135
 Tel: 011 433 1888
 Faks: 011 680 9628
www.cie.org.za